

DIE SKIETLOOD



Van embleme, kentekens en rigtings.

Op die eerste uitgawe van KOERSVAS het die kern van die NHKA embleem gepryk. Dit het heelwat interessante debat uitgelok. Vrae is selfs gestel oor die rigting waarin die arend kyk.

Waarom kyk die arend (sinister) links in plaas van (dextra) regs? Waarom die keuse van hierdie embleem en die keuse om die arend nie in dieselfde rigting as die NHKA s'n te laat kyk nie?

Koeëlvas Karel het besluit om tong-in-die-kies ondersoek in te stel.

Die onafhanklike gemeentes is dit almal eens dat hulle die ware voortsetting van die NHKA is. Dit maak die keuse van die kern van die NHKA embleem (beter bekend as die Transvaal-wapen) 'n logiese een. Die verwarring rakende die rigtings kan teruggevind word in die eerste besluite en beskrywings, soos geneem in die geskiedkundige ou Transvaal.

(Inligting volgens Hubert-herald) Die Volksraad het op 13 Februarie 1858 besluit oor 'n vlag en nasionale embleem

:Art. 23. "Is besloten dat eene Vlag voor de Zuid-Afrikaansche Republiek aangenomen zal worden, bestaande uit de volgende kleuren: Rood, Wit en Blauw, horisontaal, evenbreed boven elkanderen

gesteld, en Groen perpendicular langs den stok.

Daarop zullen de woorden geplaatst worden:

EENDRAGT MAAKT MAGT


Een Wapen voor dit land is aangenomen, aldus zamengesteld:

Op een zilveren veld zal een Wagen en een Gouden Anker staan, en op dat Wapen een Arend rusten. Op de regterzijde van dat Wapen een Man in 's lands kleederdragt, gewapend met een Geweer en toebehooren. Aan de linkerzijde een Leeuw."

Dit lyk na 'n volledige beskrywing, todat jy kunstenaars op die beskrywing loslaat. Artikel 93 van die Volksraad se besluit bevestig dat 'n eerste skets aan hulle voorgelê is, en dat hulle dit op 30 September 1867 goedgekeur het:


De Raad besluit hunne goedkeuring te hechten aan het model van het wapen der Z.A. Republiek, thans ter tafel, en is overtuigd dat zulks voldoet aan den wensch van het volk uitgedrukt in de besluiten van 1858.

Ongelukkig het daardie skets verdwyn en geen rekord daarvan is terug te vind nie. Daar het egter goue



verwarring ontstaan en ons kan aanneem dat daar nooit sekerheid was oor die ontwerp nie,

soos blyk uit die twee ontwerpe wat verskyn het in die Staats-koerant van 1867-1870 en 1871.




Die volgende verwikkeling was toe die uitgebreide embleem op 'n seël in 1869 verskyn het. Die seël was in Duitsland gedruk en was uitgebrei

deur die arend en die ses vlae by te voeg. Dit was die Duitse drukker se interpretasie van die




Volksraad se besluit. Die ontwerp het byval gevind en is gebruik in die Staatskoerant van 1872-1894.



'n Skets gemaak deur A. Van Wouw waarin 20 jaar van prestasies (1871-1891) deur die

Staatskoerant gevier is, het eerder bygedra tot die verwarring. Die geweer is deur 'n graaf vervang en die ossewa lyk eerder na 'n baksteen.



Volgens sekere kenners (en ek moet saamstem) is die korrekte interpretasie van

die Volksraad se besluit terug te vind in 'n skets 36 jaar later deur dr. E.J.P. Jorissen gemaak. Let op die rigting waarin die arend kyk, die ossewa staan en die geweer in die hand van die man. In hierdie skets hou die leeu en die man ook die skild vas waarop die anker en die ossewa verskyn.

Die embleem soos dit verskyn op die eerste uitgawe van KOERSVAS lyk na die embleem van die gebied Transvaal



tussen 1902 en 1910. Daarna het die embleem die Transvaalwapen

geword met die arend wat in dieselfde rigting kyk as die een op die huidige NHKA wapen. Die inligting is natuurlik nie volledig nie, maar hierdie gee sekere van die hoofmomente weer.

Watter rigting moet die arend kyk? Wat verkies u, die geweer of die graaf? Verkies u die

ossewa of die "baksteen"? Watter rigting moet die ossewa reis? Moet die leeu en die



man die skild vashou of in die skild wees? Waarom 'n anker in 'n ZAR sonder hawe of vloot? Waarom juis 'n leeu?

Kom ons raak metafories: In watter rigting moet die steedsHervormers kyk en reis? Wil die steedsHervormers met geweer of met graaf in die hand staan? Hoe vas wil steedsHervormers staan aan een interpretasie van 'n Volksraad besluit? Kom ons kies 'n embleem en herinterpreteer daardie embleem. Embleme kan mos metafories verstaan word. Ons vastigheid is nie in 'n embleem nie, maar by God en Sy Woord terug te vind.